
Together we stand, better nation we build
Saamstaan ons, beter nasie bou ons



# Blitz Nuus

*1 Desember 2022* *LAERSKOOL* *Nuusbrief 35*





## Uit Blitz se pen

So kom ons aan die einde van die eksamen, maar ons wil die leerders nog steeds aanmoedig om elke dag die skool by te woon. In die volgende paar weke wil ons die vraestelle met die leerders deurgaan en die memorandums met hulle bespreek. Die leerders gaan ook met BAIE sosiale aktiwiteite besig wees, so maak seker julle hou die kalender fyn dop!

## GESKENKBOKS VIR KERSFEES








## EINDE VAN DIE JAAR

Die skool sal voortgaan om, vir die res van die kwartaal, 12:00 te verdaag. Ons sal nog steeds vir die leerders beskikbaar wees wat nie 12:00 kan huis toe gaan nie.

Die laaste dag van skool is op die 14de Desember. Die skool sal 10:00 sluit. Die leerders se rapporte sal tussen 08:00-10:00 uitgegee word.

Die leerders word weer vir die nuwejaar op die 11de Januarie 2023 terug verwelkom. ‘n Digitale kalender sal aan al die ouers uitgestuur word en ‘n fisiese kalender sal aan die leerders gedurende die eerste week van skool gegee word.

## TWEEDEHANDSE BOEKE

Ons wil graag die ouers en die leerders die geleentheid gee om hulle huidige handboeke aan die jonger grade te verkoop. Ons vra dat die ouers ‘n advertensie maak met julle telefoonnommers wat op die bord voor die kantoor gesit kan word, sodat ouers julle direk kan kontak.



## MTN Toekennings

Baie geluk aan Juffrou Lientjie en die kunssentrum wat tydens die “MTN Rainbow child’s Art” Toekennings uitstekend met hulle maskers gevaar het. Die volgende Hoërskool leerders het hulle uitmuntend van hulle taak gekwyt:

Hanno Botha: Eerste prys. Hy wen ‘n Tablet.

Jay-dee Pienaar: Tweede Prys. Hy wen ‘n koopbewys van kunsmateriaal.

Juffrou Lientjie se kunssentrum het ‘n kunspakket ter waarde van R10 000 van MTN gewen

# KALENDER 2023




Ons wil graag 'n skoolkalender vir al die ouers vir 2023 implementeer, wat julle op die yskaste kan vassit. Ons is opsoek na borge wat op die kalender vir 2023 wil adverteer. Die besigheid se naam sal permanent sigbaar wees. As enige besigheid deel wil wees van hierdie projek kontak ons asseblief by [admin@longacresps.ca.za](mailto:admin@longacresps.ca.za). Die kostes verbonde aan die advertensie is R1000 vir die jaar.




# Departement van Binnelandse sake

Die Departement van Binnelandse sake gaan die skool die 12de Desember besoek. Dis 'n wonderlike geleentheid vir die Hoërskool se leerders om hulle ID kaarte te verkry.




Bespreek asseblief jou plek by Ester.
admin@longacresps.co.za

# Blitz Café'

Ons wil graag almal vir hulle ondersteuning deur die jaar bedank! Ons kan nie wag om volgende jaar vir julle heerlike kos voor te berei nie! Die Snoepie sal nog steeds oop wees vir die res van die jaar, maar slegs vir peuselhappies.



Laps Café Love!

## Pretdag




## KLEREBANK





# SKOOLKWARTALE 2023

| Kwartaal | Duur van kwartaal | Aantal weke | Aantal publieke vakansiedae |
|---|---|---|---|
| 1 | (09) 11 Jan - 24 Mrt | 11 | 1+1 |
| 2 | (12)13 Apr – 23 Jun | 11 | 3+1 |
| 3 | (17)18 Jul – 29 Sept | 11 | 2 |
| 4 | 10 Okt – 13 (15) Des | 10 | 0 |

# SKOOLFONDS 2023

| Klas | Skoolgelde per maand | Huiswerksentrumgelde per maand | Voldag (Huiswerksentrum + Skooll) totaal per maand |
|---|---|---|---|
| Graad 1-3 | R3450.00 | R1300.00 | R3450.00+R1300.00= R4750.00 |
| Graad 4-6 | R3650.00 | R1300.00 | R3650.00+R1300.00= R4950.00 |
| Graad 7-9 | R3750.00 | R1300.00 | R3750.00+R1300.00=R5050.00 |
| Graad 10-12 | R3960.00 | R1300.00 | R3960.00+R1300.00= R5260.00 |
| | Langebaan bus | R1600.00 | Ingesluit |
| | Velddrif bus | R2200.00 | Ingesluit |
| | Vredenburg bus | R2000.00 | Ingesluit |
| | St Helena bus | R2100.00 | Ingesluit |
| | Saldanha bus | R1900.00 | Ingesluit |

# Blitzraad



## ATKV REDENAAR TEMAS

Hier is die nuwe **ATKV temas** vir 2023:

**Huistaal Graad 1 tot 3**

Kleur

Speel

Klein

**Huistaal en Addisionele Taal Graad 4 en 5**

Flits

Luister

Klank

**Huistaal en Addisionele Taal Graad 6 en 7**

Tradisie

Reis

Wedren

**Huistaal en Addisionele Taal Graad 8 en 9 (Voorbereid)**

Kruispad

Angel

Hutsmerk

**Huistaal en Addisionele Taal Graad 10 tot 12 (Voorbereid)**

Inklusief

Bemagtig

Ideologie

## BLITZ BABBEL

Die Blits Babbel gaan hierdie kwartaal weer as ons eie koerantjie verskyn. Al die nuus en aktiwiteite van die laaste twee kwartale van die Laerskool, word in die koerant aangebied. Daar is baie om te lees, lekker inkleurwerk en hope foto's waarna julle kan uitsien.



**ONTHOU** trek **môre** jou “civvies” aan en kry die **Blitz Babbel**

**Blitz Babbel is beskikbaar @ R15.**

## TWEEDEHANDSE KLERE




## KUNSTOER 2024

| **KUNSTOER NA ITALIë IN 2024** | | |
|---|---|---|
| Kunsliefhebbers wat belangstel om op die toer te gaan, moet my asseblief kontak om ‘n plek te verseker. Jy moet lang afstande kan stap. | Die begroting vir die toer per persoon is R44 000, betaalbaar in 19 paaiemente. (Sept 2022 tot Mei 2024) | **R2 320 per maand** (1st paaiement is ‘n deposito en dis nie terug betaalbaar nie.) |
| **Wat is by die prys ingesluit?** | | |
| **KONTAK**<br><br>**Lientjie Blok**<br>**(LB Kuns sentrum)**<br><br>**082 878 0008**<br>**Lientjie@imaginet.co.za** | Retoervliegkaartjies vanaf Kaapstad na Venesië en terug van Rome na Kaapstad.<br>Lughawebelasting<br>Stadsbelasting vir elke stad.<br>Akkomodasie<br>Ingangsfooie vir besienswaardighede.<br>Hoof treinspoorfooie tussen stede (Venesië; Florence; Pisa en Rome)<br>Visa en Capago fooie | |
| **Fase 1**<br>Hoof besienswaardighede | **3 dae in Venesië**<br>Jaarlikse Biennale wêreldwye uitstalling<br>St. Marko Basilica<br>Dodges palace<br>Toer na Murano, Burano en Torcello eilande per boot. | |

| | |
|---|---|
| **Fase 2**<br>Hoof besienswaardighede | **3 dae in Florence**<br>Florence katedraal<br>Giotto's campanile<br>Palazzo Vecchio<br>Uffici Paleis en museum<br>Galleria del Accademia<br>Leaning tower of Pisa |
| **Fase 3**<br>Hoof besienswaardighede | **4 dae in Rome**<br>Sistine Chapel<br>St Peter's Basilica<br>Kollosseum<br>Trevi Fountain<br>Pantheon<br> |

# ADVERTENSIES












# AFWESIGHEDE VAN LEERDERS

**Leerders wat afwesig is as gevolg van mediese redes moet asseblief 'n mediese nota van die dokter saambring, vir hulle registeronderwyser, sodra hulle terug is by die skool.**

**As 'n leerder 'n afspraak het wat gaan veroorsaak dat hy skool gaan mis, moet die skool 48 uur voor die tyd in kennis gestel word.**

Attendance Matters
Every student. Every day.

## FACEBOOK

Die Longacres Facebookblad is 'n gewoel en 'n gewerskaf van foto's van ons liewe studente wat hulle beste op die sportveld gee en in die klas floreer!

Op hierdie manier kan ons waardevolle herinneringe van julle kinders met julle deel.

Wys asseblief ondersteuning deur van ons blad te hou en te deel.

Dankie aan alle ouers wat ons deurlopend ondersteun!




## 3 MAANDE KENNIS

Alle ouers moet 3 maande kennis gee as die kinders die skool gaan verlaat. Ek het 'n oopdeur beleid en vra vriendelik dat ouers eers met my 'n vergadering reël, voordat u finaal kennis gee.

Vriendelike groete,

Mnr Edmund Barkhuysen

Skoolhoof

hoof@longacresps.co.za



## CCTV KENNISGEWING

Longacres is onder 24h CCTV bewaking vir die veiligheid van die leerders en opvoeders. Hierdie toesig word gedoen in ooreenstemming met toepaslike Nasionale Wetgewing en vereistes om die privaatheid en integriteit van leerders, werknemers en algemene publiek, wat die Longacres perseel binnekom, verseker.



## HUISWERKSENTRUM

**Die huiswerksentrum vir 2022 sal as volg wees:**

**Graad 1 - Ellisia Steyn selfoon 076 170 9705**

**Graad 2 – Sarita Rossler selfoon 082 923 7188**

**Graad 3 & 4 - Erika Theunissen selfoon 072 010 2655**

**Graad 5 - 7 en Saldanha Bus – Erika Theunissen selfoon 072 010 2655**

**Graad 4 - 7 Vredenburg Bus – Sorika Loubser selfoon 082 312 7005**

**Graad 8 - 12 en Velddrif Bus - Erika Theunissen selfoon 072 010 2655**

**Buite toesig vanaf 16:00 Graad 1 - 3 (Ellisia)**

**Toesig vanaf 16:00 Graad 4 - 12 (Sorika en Erika)**

**Die grondslagfase sal aan die linkerkant van die rugbyveld speel en die Seniorfase sal aan die regterkant van die rugbyveld speel.**

**Alle leerders moet asseblief hulle eie potlood, liniaal en uitveër bring.**

**Gee asseblief enige ekstra-kurrikulêre aktiwiteite aan die personeel van die huiswerksentrum deur.**